**Woensdag 29 November**
**Skrifgedeelte: Psalm 57**
**Fokusgedeelte: Psalm 57:10-12 (AFR83/2020)**
**Prys God se verbondsliefde te midde van doodsgevaar**

Hoe kry mens dit reg om te midde van die grootste krisisse – selfs doodsgevaar – God te loof en te prys? Hoe het Paulus en Silas dit reggekry om middernag met stukkend geslaande rûe in die gevangenis te bid en tot lof van God te sing, sodat die ander gevangenes na hulle kon luister (Hand. 16:23-25)?

Dawid vertel in Psalm 57 van sy belewenis toe hy in die Adullamgrot moes wegkruip omdat koning Saul daarop uit was om hom dood te maak. Ons kan van die gebeurtenis lees in 1 Samuel 22:1, 24 om die agtergrond van Psalm 57 beter te verstaan.

Terwyl hy met God daaroor worstel in die gebed, kry hy antwoorde wat hom die Here met lofsange laat loof en prys. Moontlik het hy die nag slapeloos deurgebring daar in die grot. Ons weet mos hoe bekommernis, dalk doodsangs en vrees, lei tot slapelose nagte.Maar dan kry hy sulke ryk troos dat hy in die vroeë môre begin sing: *"Word wakker, my gemoed! Word wakker, harp en lier! Ek wil die dagbreek wakker maak. Ek wil U dank onder die volke, my Heer, ek wil U besing onder die nasies; want groot, tot aan die hemel, reik u troue liefde; tot by die wolke is u waarheid. Verhef U bo die hemele, o God, u heerlikheid oor die hele aarde."*

Wat tot hom deurgedring het, is die sekerheid van God se ewige verbondsliefde. 'n Sleutelwoord wat twee maal in hierdie Psalm (vs 4 en vs 11), en ook in baie ander Psalms en nog meer plekke in die Ou Testament gebruik word, is die woord "troue liefde". In die oorspronklike Hebreeuse taal waarin die Psalm geskryf is, is dit die woord *gêsêd*, wat verwys na God se *verbondsliefde*. In Psalm 63:4 sê Dawid God se troue liefde is beter as die lewe self, en as hy aan die Here dink op sy slaapplek en in die nagwake oor God se troue liefde prewel, dan kom daar jubelende lof uit sy mond en lippe.

Verskeie Engelse vertalings vertaal die woord met *"loving kindness"* of met *"steadfast love".* Dit gaan oor ewige, onbreekbare, onkreukbare en onverdiende liefde. In sy kommentaar by Psalm 63:3 sê Calvyn: Om God se liefdestrou met 'n gelowige hart te ervaar, is waaragtig heerliker, en begeerliker as die lewe self. In sy grootste nood gryp Dawid daaraan vas. Dit laat hom veilig voel.

God se verbondsliefde gaan oor die grense van lewe en dood. Sy liefde is bo my en onder my en rondom my, al lyk die toekoms ook hoe onseker. Sy liefde dra my deur alles heen. Die donkerste tye in ons lewens word dikwels die beste tye van geestelike groei. Nie een van ons kies sulke donker tye nie, maar wanneer ons daarin gewerp word, dan ontsluit die Here kragte in ons waarvan ons nog nooit tevore bewus was nie. God bring ons telkens op ons knieë om ons bewus te maak van ons eie onvermoë sodat ons smekend uitroep om sy krag.

Dit kan net gebeur as jy besef dat Jesus Christus die waarborg is van God se verbond met jou. Toe Hy die nagmaal ingestel het, het Hy gesê dat die nagmaalwyn die teken is van die nuwe verbond. Toe Hy aan die kruis gely en gesterf het, het hy die straf oor ons ontrou op Hom geneem en so die nuwe verbond ingestel. Om in die verbond met God te leef beteken, soos dit in ons nagmaalsformulier staan, om jouself hoe langer hoe meer aan Jesus Christus oor te gee.

*Sing: Psalm 57-1:5*

*Dr. PJ Buys (Flip) (emeritus)*